Die Christelike Vrou

Junie 2024 Amptelike mondstuk van die NHSV

Winter in die Wynland

Gisteraand het ek ’n heerlike verrassing gekry: Die waterblommetjies is vroeg hierdie jaar!

My kontak om blommetjies te kry, het laat weet ek kan maar bestel as ek wil hê. Watter vraag – natuurlik wil ek hê!

Waterblommetjies is maar een van die vele vreugdes wat ons hier in die Kaapse Wynlande in die winter kan beleef. Om maar net ’n paar te noem: Waterblommetjies (natuurlik!), reën en sneeu – ja, dit s vreugdes, want dit beteken lekker kaggelvuurtjies en natuurlik lekker wyn en kuier.

Gepraat van lekker vuur, wyn en kuier: Die afgelope Vrydagaand was ons by ’n aandmark by een van die plase hier buite die dorp. Voorheen het ons een keer ’n maand ’n kosmark in die dorp gehad, maar die belangstelling het so ’n bietjie afgeneem. Die innoverende eienaar van Picardi Place het toe besluit om eenvoudig sy eie produkte, wat hy gewoonlik by die mark verkoop het, net daar op die plaas te verkoop en om dan sommer ’n lekker kuiergeleentheid daarvan te maak. ’n Groot sukses! En watter absoluut heerlike kuier met mede-dorpenaars. (Ek gaan hierdie geleentheid gebruik – dalk misbruik? – om ’n paar foto’s van die mark op die volgende bladsy met ons lesers te deel.)

Ek dwaal nou so ’n bietjie af...

Om terug te kom na die waterblommetjies: Elke keer as ek waterblommetjies eet, sal ek aan my pa dink. Hy het eenkeer alleen vir my kom kuier (kan nie onthou hoekom Moeder nie saamgekom het nie). Ons het toe die Sondag by ’n restaurant onder pragtige ou bome gaan eet en Pa het blommetjiebredie gehad. Hy het dit vreeslik geniet – in so ’n mate dat ek opsluit ’n foto van hom geneem het waar hy so daaraan smul. So, waterblommetjies in die winter in die Wynlande laat my aan Pa dink. Ek mis hom.

Hannelie

Winter in die Wynland

Sweet Potato
R70
Tamaties
R15
CHATEAU
Beet root
R20.
Lemons
2 for R5.

SP Engelbrecht-museum

SP Engelbrecht-museum

Plakkaatversameling **Ds Carel Johann de Bruin**

Hierdie maand plaas ons weer een van die SP Engelbrecht-museum se plakkate. Verlede maand het ons 'n kort opsomming gegee oor die ontstaan van hierdie reeks. Dit is 'n pragtige reeks wat belangrike inligting op kort en kragtige manier weergee.

Die reeks is mooi geraam en word op strategiese plekke in die Museumuitstalling vertoon. Besoekers kan dit rustig daar gaan lees. Die idee is ook om dit as 'n gedrukte of elektroniese pamflet te verkoop om tuis te gaan lees. Ons sal dit waardeer as iemand met so 'n projek vir die Museum wil help. Die pamflette/plakkate is reeds digitaal gereed, maar fondse sal nodig wees om sommer swart-wit pamflette te druk, want daar is besoekers wat in-die-hand-papier verkies.

Die reeks is eintlik nog nooit afgesluit nie. Daar is meer temas wat ook nog aandag moet kry, byvoorbeeld sendingwerk. Opdatering van bestaande plakkate (veral die NHSV, diakens en barmhartigheidswerk, Bybelvertaling en dies meer) het ook nou wenslik geword. Buiten die geraamdes in die Museum, is daar ongelukkig geen voorraad meer nie. Met verloop van tyd sal ons poog om al die plakkate hier te publiseer.

Ds Carel Johann de Bruin

Emerituspredikant

Sekretaris: Komitee vir die Argief, Museum en Biblioteek

By SP Engelbrecht-museum, Eloffsdal, Pretoria

careljohann@gmail.com

082 733 3951

PROF SP ENGELBRECHT

Grondlegger van die Argief en Museum van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

Stephanus Petrus Engelbrecht is op 21 Oktober 1891 in die Standerton-distrik gebore. Sy pa, GJ Engelbrecht, was lid van die Volksraad van die Zuid-Afrikaansche Republiek tot met die Tweede Vryheidsoorlog. In 1901 is die pa swaar gewond deur 'n Engelse koeël, en drie dae later het hy gesterf. Sy bebloede onderbaadjie het 'n groot indruk op sy tienjarige seun, Fanie, gemaak, wat die onderbaadjie bewaar het. Dit het waarskynlik bygedra tot sy drang om artikels te versamel en te bewaar. Hierdie onderbaadjie kan beskou word as die eerste voorwerp wat Engelbrecht vir die Museum versamel het.

SP Engelbrecht het sy studies begin by die teologiese skool in Potchefstroom, maar in 1913 na Nederland vertrek om teologie aan die Rijksuniversiteit Utrecht te studeer. In 1920 het hy gepromoveer met 'n proefskrif getitel *Geschiedenis van de Nederduits Hervormde Kerk in Zuid-Afrika. Sedert de Groote Trek tot aan de Eerste Annexatie van Transvaal.*

In 1917 is die Fakulteit Teologie aan die Transvaalse Universiteitskollege (TUK) in Pretoria gestig. Engelbrecht is in 1921 as die tweede voltydse dosent in die Fakulteit aangestel. Sedert 1924 was hy hoogleraar in Kerkgeskiedenis en deeltydse argivaris van die Kerk. Van 1930 tot met sy aftrede in 1956 was hy ook dekaan van die Fakulteit.

Van 1957 tot 1967 het hy as voltydse argivaris gewerk en 'n lank gekoesterde ideaal verwesenlik, naamlik om 'n gebou te help oprig waarin die Kerkargief en Museum gehuisves kon word. Die Dirk van der Hoffgebou is in 1959 opgerig, en die SP Engelbrecht-museum is op 20 Oktober 1961 daar geopen. Die Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika bevat onder meer Engelbrecht se waardevolle persoonlike versameling foto's, munte, Bybels, boeke, pamflette en koerantknipsels.

Ons kuier by ons Australië-kinders

Ons kuier by ons Australië-kinders

Ina Jansen van Vuren

***As julle eendag beter geleenthede in 'n ander land kry, sal ons glad nie in jul pad staan nie en dit vir julle gun,* is woorde wat ons baie lukraak vir ons kinders gesê het. Goed bedoel, maar tog het ons gedink dis ver in die toekoms, of dalk nooit…**

Bykans vyf jaar gelede het die dag toe aangebreek dat hulle WhatsApp en sê hulle bel die aand met belangrike nuus. Ons speel raai-raai en dink: Nog 'n kleinkind is op pad, hulle het 'n ander huis gekoop, of dalk werk in Kaapstad gekry. Die ander werk is toe 'n goeie aanbieding vir ons seun Petrus by Australië se CSIRO (Commonwealth Scientific and Industrial Research Organisation) en hulle drie – Petrus, Lindie en ons kleinseun Streicher – vertrek binne drie maande Australië toe.

Van daardie oomblik af het ons begin spaar vir die groot kuier in Australië. Na byna 'n jaar se navorsing, baie rompslomp soos visumaansoeke, vliegkaartjies, medisynereëlings vir drie maande, doktersbriewe, regte tasse met die regte gewig en baie wenke oor hoe om gladweg deur doeanes te gaan, sit ons vier en 'n half jaar later ná 'n vlug van 23 uur, op 23 Oktober 2023 voet aan wal – of eerder voet op land – in Melbourne vir 'n volle drie maande se kuier en toer.

Heeltemal vreemd, maar tóg ook tuis, want ons kinders is daar, begin ons Australië ervaar. Ons eerste tien dae kuier ons by Petrus, Lindie en Streicher wat in Drysdale naby Geelong bly, in die verre suide van die staat Victoria. Ons raak vertroud met die basiese dinge soos kruidenierswarewinkels (Coles, Woolies en Aldi Stores), om self brandstof in te gooi, selfoondata, om die nuwe landskap te geniet en al vier seisoene op een dag te ervaar.

Uiteindelik vertrek ek en Marius met ons gehuurde *camper van* op ons beplande ses weke lange toer van 12 000 km deur vier van Australië se state, naamlik South Australia, Northern Territory, Queensland en New South Wales.

Australië het pragtige natuurskoon met 'n verskeidenheid wat wissel van die baie warm Outback (óns Karoo en Kalahari), die Hooglande (óns Hoëveld), en dan die kusstreke met pragtige strande en reënwoude, en die noordelike dele se bedompige hitte. Opmerklik vir ons was die miljoene bloekombome wat omtrent oral voorkom, van die droë Outback tot in die reënwoude met boomvarings en ander tropiese plantegroei.

Australië is bekend vir hul dierelewe – kangaroes, wallabies, buidelmuise (*wombats*), koalabeertjies, ensovoorts; maar meer kenmerkend is hul luidrugtige voëllewe – die veelkleurige kaketoes, papegaaie, spreeus, *magpie larks*, ensovoorts, wat vrylik rondvlieg. Glo dit of nie, hierdie kras en luidrugtige voëlgesang het ons terug by die huis nogal

Ons kuier by ons Australië-kinders

Vervolg

gemis. Stel jou voor die klank van tien van ons hadidas gelyktydig!

Die Australiërs is baie lief vir kampering met hul supergroot en baie luukse karavane. Karavaanhandelaars is volop in byna elke dorp. Elke karavaan het 'n hond saam, want die meeste karavaanparke is troeteldiervriendelik, mits 'n grafie en skoppie deel is van jou karavaantoerusting vir julle weet wat…

Die klein plattelandse dorpies is 'n fees vir die oog met netjies versierde ingange en silwerskoon strate. Elke dorpie het 'n bakkery wat tuisgemaakte pasteie verkoop – en elkeen van hierdie bakkerye het die een of ander tyd die toekenning vir *Bakery of the Year* ontvang.

Elke dorpie en karavaanpark het ook gratis Wi-Fi beskikbaar. Vir die langpad, om ons GPS te kon gebruik, het ons 'n derde selfoon saamgevat en Australië-data daarop gelaai en dan die foon as *hot spot* vir ons selfone gebruik. So was ons nooit sonder Wi-Fi nie.

Natuurlik moet 'n mens op so 'n lang toer en kuier jou finansies deeglik beplan. 'n Mens kry nogal 'n rilling langs jou ruggraat as jy hier in Suid-

Ons kuier by ons Australië-kinders

Vervolg

Afrika jou "Australiese paspoort bankkaart" gaan kry en jy sien hoe jou duisende rande krimp tot nie baie Australiese dollars nie. Maar op daardie oomblik het ons in dollars begin dink en nie in rande nie. Want wie gaan 'n 5-dollar-koffie drink as dit eintlik R65 plus kos?

Elke reisiger in Australië is sy eie petroljoggie en ruitskoonmaker. Elkeen gooi sy eie brandstof in, dit registreer buite vir jou op 'n skerm, maar ook binne in die kantoor waar jy gaan betaal (sonder om jou kar te sluit). Sowat van veiligheid en vertroue het ons verstom.

So van vertroue gepraat, ons het dit ook op die platteland ondervind. Langs die pad of dalk net buite 'n dorp het ons waentjies vol piesangs onbeman aangetref, wat die plaaslike boere daar los. Daar is 'n plakkaatjie met die prys per kg daarop, 'n skaaltjie en 'n blikkie vir die geld. Jy weeg jou piesangs af en los die geld in die blikkie. Ongelooflik!

'n Mens koop op twee maniere kruideniersware in Australië, naamlik soos ons dit in Suid-Afrika ken deur by 'n persoon by die kasregister te koop en te betaal, net sonder 'n pakker. Die ander manier is waar daar geen kassier is nie. Jy skandeer jou items self, pak in, betaal dan by die kaartmasjien, en daar gaan jy met jou kruideniersware.

Op die platteland het ons by rye sonkragpanele en waterpompe langs die pad verbygery. Daar was geen noemenswaardige hoë heinings en slotte sigbaar nie. Alles veilig.

In Australië het ons baie min van die volgende gesien: Polisie-teenwoordigheid; verkeerspolisie; ongelukke; verkeersoortreders en roekelose bestuurders (wel soms ongeduldiges as hulle agter ons moes aankruie teen bergpasse af); en slaggate.

Hiervan het ons wel baie gesien:

- Padwerkers wat paaie in stand hou.
- Gebruikte items in goeie toestand op die sypaadjies voor huise. Wat mense nie meer gebruik nie, sit hulle op hul sypaadjies neer vir enigiemand om te kom oplaai. So het ons kinders met hul aankoms daar 'n stewige lessenaar vir Streicher gekry wat hulle steeds gebruik.
- Baie motors wat permanent op sypaadjies geparkeer is. Motorhuise word vir ekstra vertrekke gebruik.



'n Noue ontkoming – of nie? Ons het die meeste groot stede vermy as gevolg van die verkeer, maar wou graag 'n paar besienswaardighede soos die Operahuis in Sydney sien. Op pad na Sydney het ons getrou ons GPS (ons noem haar Waltzing Mathilda) gevolg tot sy ons in 'n tonnel ondergronds ingepraat het. Ons dog ons sou gou weer uit wees, maar ons ry en ry met hier en daar 'n skuins uitgang. Mathilda het ophou praat want sy het sein nodig, wat daar nie in die lang tonnel was nie. Mettertyd het ons gevoel ons is nou op pad terug Suid-Afrika toe – ondergronds! Ons besluit toe ons vat nou die eerste die beste uitgang uit. Toe ons geliefde Mathilda weer begin praat, is ons slegs 8 km van ons beplande kampeerplek af!

Ons kuier by ons Australië-kinders

Vervolg

In Sydney het ons groot hulpvaardigheid van die Australiërs ervaar toe hulle ons gehelp het om 'n busroete uit te werk tot by die naaste treinstasie en vandaar twee treine te neem tot by die hawe vanwaar ons op 'n "Rooi Bustoer" deur 'n groot deel van Sydney sou ry.

Ons het weer eens besef hoe puik en absoluut stiptelik die Australiese openbare vervoer is toe ons ook twee treine moes neem saam met ons kinders vanaf Geelong na Melbourne om by die Australiese Tennis Ope uit te kom. Watter ervaring om die Tennis Ope eerstehands te beleef en saam met Streicher te droom om eers as baljoggie, en later dalk as speler daar op te tree. Op ons terugreis met die trein, halftien die nag, was ons verbaas om te sien dat jong werkende meisies alleen by stillerige stasies afklim op pad huis toe en steeds veilig voel.

Met ons Afrikaanse aksent het ons ons oral vasgeloop in oud-Suid-Afrikaners wat al jare lank daar bly. By baie het ons, alhoewel hulle goed ingeburger en nou ten volle Australiërs is, steeds 'n heimwee na Suid-Afrika bespeur en selfs steeds die trots om te sê hulle kom van Suid-Afrika af, al is dit al 20 jaar gelede. En tipies Suid-Afrikaans dadelik besig om familie uit te lê in Afrikaans, hoewel met 'n aksent. Ons het ons ook met ons Afrikaanse aksent bekend gestel aan die Australiërs. By hulle het ons die grootste waardering en positiwiteit teenoor Suid-Afrikaners ervaar.

Met ouers wat goeie werk het – Petrus as *Research Scientist* by CSIRO en Lindie as *Payroll Officer* by Barwon Health – kon Streicher ook rustig sy skoolloopbaan in die helfte van graad 1 (*Year 1*) begin, en is hy nou in graad 6 (*Year 6*) só goed aangepas en gevestig daar dat hy gekies is as *School Captain* (hoofseun). Ons was baie bevoorreg om die saalbyeenkoms waar dié aankondiging gemaak is, te kon bywoon.

Die skole daar fokus veral op waardes. Hulle skryf nie toetse in die laerskool nie (*Year 1 – Year 6*). Kinders met verskillende vermoëns en vordering is in dieselfde klas, maar hoe elkeen leer en vorder, is op hulle as individue gefokus. Baie werk word op rekenaars gedoen. Skoolure is van 09:00 tot 15:00 en hulle kry nie rêrig huiswerk nie – hulle doen alles by die skool self. Take en projekte word by die skool gedoen sonder enige ouerhulp. Leerlinge word ook aangemoedig en geleer om hul eie menings te lug.

Toe ons kinders vyf jaar gelede Australië toe is, het ons as ouers geweet hulle gaan goed versorg wees met goeie werke en dat hulle die deursettingsvermoë en selfstandigheid het om vir hulle 'n paadjie oop te kap in Australië. Na ons drie maande lange kuier by hulle doer onder, en nadat ons ook húl nuwe vaderland se mense en omgewing leer ken het, voel ons oortuig dat hulle, wat binnekort burgerskap kry, 'n gelukkige lewensreis in Australië as hul tweede vaderland sal hê. Ons kan ook nou meer saamgesels oor hul lewe daar en dit is nie meer 'n onbekende vir ons nie.

Ná drie maande se heerlike kuier en bederf deur ons kinders in Australië, het ons liewe Suid-Afrika ons met ope arms terugverwelkom!

Wes-Kaapland maak geskiedenis

Weskus-gemeente se kerkgebou, waar die afgelope ringsvergadering gehou is.
Foto deur: Xanizilé Badenhorst-Botha



Wes-Kaapland maak geskiedenis

Die ring van Wes-Kaapland het op hul onlangse vergadering geskiedenis gemaak deurdat die hele Kommissie wat verkies is, vroue is. Die vergadering het wel ook 'n man gekoöpteer om as kassier te dien. Onder, van links na regs, is: Ds Kathleen Smith (voorsitter), ds Manda le Roux (skriba), Wynand Vlok (kassier), Elizabeth Rossouw (Stellenbosch), Elize Steyn (Weskus), Christa Marais (Paarl), Susan de Villiers (Kaapstad).

Medewerkers aan hierdie uitgawe:
Ds Hannelie Botha (redakteur), Ina Jansen van Vuren, Marina Nortjé, ds Carel Johann de Bruin, Daleen Gouws
Taalversorging: Tessa Oppermann
Foto's vanaf *www.Pixabay.com* en skrywers. Ander grafika van *www.flaticon.com*
Indien jy nie meer *Die Christelike Vrou* wil ontvang nie, stuur asseblief 'n e-pos na *admin@nhsv.org.za*

	www.nhsv.org.za		***Posbus 111, Worcester 6849***		***diechristelikevrou@gmail.com***
	diechristelike		***Christelike Vrou***		***082 923 9439***

Die opinies van rubriekskrywers weerspieël nie noodwendig die oortuigings en standpunte van** Die Christelike Vrou **se redaksie of die NHSV nie.